



S O N D A G 20 Januarie 2019
Tweede Sondag na Epifanie



Heuwelsein

09:00 Formele diens: (Dr Charles)

Teks: 1Korintiërs 12: 1-11

Tema: Die God van goeie gawes

9:50 Kategese:

10:30 Kruiskerk: (Dr Charles)

Teks: Matteus 5: 3

Tema: Hoe ryk of arm is ons voor God?

15:00 Diens vir Sothosprekendes: (Dr Charles)

18:00 Aanddiens: (Dr Charles)

Teks: 2Korintiërs 13: 1-13

Tema: Een + een + Een = een

DEURKOLLEKTE:
Geestelike
bearbeiding
Studerende Jeug

Diakens diensbeurte:	20 Januarie Lourens, Petrusa, Trudie, Hennie, Linda, Martie, Deon	27 Januarie Izak, Clasina, Rina, Schalk, Ina Visser, Rika, Deon
Ouderling diensbeurte:	20 Jan — Annatjie v Wyngaardt 27 Jan — Dippie Dippenaar	Kantoordiens: 20 Jan — Annatjie v Wyngaardt 27 Jan — Marie Elize Klopper

ALGEMENE INLIGTING:

• **Alle nuwe lidmate!** Hartlik welkom hier by ons! Ons hoop dat jy hier huis is en jou liefde vir Jesus hier wil uitleef. Gee asb. jou naam na die diens in die voorportaal by die ouderling op en iemand sal jou kontak. By Kruiskerk, meld asb by die leraar aan.

• **Huisbesoek:** Indien u 'n behoefté aan huisbesoek het, kontak asb u Blok-leraar. Indien u bewus is van iemand wat dringend huisbesoek benodig kan u ons daaroor skakel.

Dr Charles—079 895 3911 of 051 436 4769 Blokke B, D/F, E/G, H/I en M.

Ds Mauritz—079 895 3916 of 051 436 1644 Blokke A, C, J/K, L, N en O

Ons is hier vir jou!

• **Laat weet asb jou leraar van siekte, veral hospitalisasie.** Die hospitale het nie meer lyste beskikbaar waarmee ons lidmate kan opspoor nie. As jy ons nie laat weet nie, kan ons jou nie besoek nie ... en dis vir ons dominees baie sleg as dit gebeur. Laat weet ook asb wanneer persone "step downs" toe gaan

• **Ouers met peuters** wat formele diens bywoon, is welkom om in die kapel te gaan sit. Daar is klank en beeld en dit laat die kinders ook deel van die diens voel

• **Tee:** Ons drink elke Sondag tee tussen die oggenddienste by die luke. Dankie aan die teeskinkers!

Aliquando-blokbyeenkoms: Alle Aliquando-lidmate word uitgenooi na 'n blokbyeenkoms van Aliquando (Blok L), Maandag 21 Januarie om **half-vier (15:30)** in die gemeenskapsaal van die sentrum. Sake van algemene belang word bespreek. Insette en vrae is welkom. Bybelbussies kan ingegee en leë bussies geneem word.

BARMHARTIGHEID: Baie dankie vir almal se ondersteuning met die bottelprojek. Ons het 180 bottels al vanjaar na Fauresmith gestuur. Ons stoorples is 'n bietjie min, hou dit asb die eers by julle huis. Verwyder asb die etikette deur die bottel net in koue water te laat lê.

LET WEL:

- Nuwe Omgeestukke (Karakterstudie oor Hanna) is by kantoor beskikbaar
- 21–23 Januarie—**Blokbyeenkomste** soos op almanak en met leraar/kerkraad gereël
- 27 Januarie—**Aandnagmaal**
- 27 Januarie—**Belydenisklas-uitstappie** na Botaniese Tuine (Ringsaangeleentheid)
- 28 Januarie—**Vrouelidmate**-vergadering

Lief en leed:

- Andalene Strauss (J/K) Is geopereer vir kolon en galblaas. Kwaadaardigheid ontdek
- Susan Robbertze (M) Donderdag 'n rugoperasie ondergaan
- Stanley Southwood (M) Steeds in hospitaal in Pietermaritzburg
- Trudie Taljaard (M) Chemo hervat
- Frikkie Swanepoel (M) gaan Donderdag weer vir toetse
- Innige simpatie met die Brand-familie met die afsterwe van Hannelie se suster Hilda van Brandfort

Vrouedienssake:

- **28 Januarie 18:00** Vrouelidmate-vergadering, waar elke gemeentevrou welkom is en insette kan gee. Uitnodigings word volgende Sondag uitgedeel!
- Hou asb **1 Maart** vanaf 18:00-20:00 oop vir 'n baie spesiale gesinsbyeenkoms. Meer inligting volg binnekort.
- Begin asb groot **koffieblikke** vir ons bymekaarmaak vir die Lente-uitreik in September. Ons benodig omtrent 300 blikke
- 'n Versoek dat elke dame in die gemeente probeer om R10/maand tot die **Vrouediensfondse** by te dra fondse in te samel vir ons projekte
- Onthou ook die "**koskas**", indien dit moontlik is, bring onbederfbare produkte en plaas Sondae in die houer in die portaal

Dankoffers Baie dankie dat jy as lidmaat getrou jou dankofferbydrae vir Heuwelkruin se werk in God se koninkryk bydra!

Ons vra dat ELKE lidmaat getrou sy/haar dankoffers sal bydra. **Wil jy nie dalk oorweeg om jou aftrekorder vir 2019 aan te pas nie? Dit kan net mee help om ons verpligtinge oral na te kom.**

Vir u gerief, veiligheid en 'n konstante inkomste vir die gemeente, word u vriendelik gevra om elektroniese inbetaalings te oorweeg. Neem asb u lidmaatnommer saam wanneer u daarvoor gaan reël.

NG Gemeente Heuwelkruin, ABSA; Rek no: 470 583 266; Takkode: 632 005; Verw: U lidmaatr
Indien jy graag 'n spesiale bydrae t.o.v. 'n spesifieke projek van die gemeente wil maak, kan jy dit ook so spesifiseer wanneer jy 'n EFT-oorbetaling maak. Dit sal dan vir daardie spesifieke doel aangewend word.

1 KORINTIËRS 12: 1—11

MAANDAG — ONS ONTVANG GAWES UIT DIE HAND VAN DIESELFDE GEES

Paulus doen moeite om die ryke verskeidenheid van gawes uit tebeeld, maar om saam met die verskeidenheid ook te herinner aan die *een* bron, naamlik die Heilige Gees. Hy plaas ten volle die inisiatief by die Gees wat uitdeel soos Hy wil (v11). Ons is dus oophand-ontvangers van gawes geskenk ter wille van ander.

DINSDAG - ONS SIEN GOD SE WERKING IN DIE GEMEENTE

Epifanie is die sesoen van Godsverskyning waarin ons vier dat God in Jesus tussen ons kom woon het. Jesus is die Lig wat elke mens verlig. Hierdie teenwoordigheid van God word in die Gemeente duidelik deur die gawes van die Heilige Gees. Ons kan sien hoe mense die Woord oopbreek, onderskei, in tale praat en genees. Dit moet ons egter teruglei na God en die belydenis van die heerskappy vna Jesus.

WOENSDAG - ONS ERKEN ANDER SE GAWES

Dit is tog sdat in verskillende Christelike tradisies die gawes wat Paulus noem verkillend tot hul reg kom. Die hartseer is dat die gawes (veral die ongewone tale en genesing) soms tot skeuring, hoogmoed en skeptisme lei. Miskien is dit belangrik om te sien hierdie verse vier verskeidenheid en dat verskeidenheid nie die feit dat ons in die een God gewortel is, negeer nie. Dit openbaar eerder ons geworteldheid in God.

DONDERDAG - OOK EK IS BEGENADIG MET 'N Gawe

Is jy bewus van 'n gawe in jou lewe wat God aan jou geskenk het? Lets wat jy verlang om te deel en ander se lewe mee te verryk? Dank God daarvoor en vra die leiding van die Heilige Gees oor hoe jy in dié gawe kan groei.

VRYDAG - ONS ONTVANG OORVLOED

Net soos Paulus sy gehoor herinner aand ei oorvloed gawes uit die hand van die Gees, herinner die optrede van Jesus by die bruilof te Kana aan die oorvloed lewe wat Hy inlei wan-neer Hy meer as 600 liter wyn maak. Ook in Jesaja 62 breek die vreugde aan van 'n nuwe dag wat al die nasies sal sien. In Epifanie "sien" ons die oorvloed van God se verlossende werk in ons lewe.

1KORINTIËRS 12: 1-11

WAT 'N SPESIALE GESKENK WANNEER GOD ONS ONTVANG

God is self die Gawe wat aan mense gegee word

Een van die mees-spesiale geskenke aan die kerk, is goddelike vrede

Jesus kom deel die veelkleurige geskenk van God se nuwe koninkryk

Die geloofsbelofte wat al vir eeu kom, is 'n gawe aan die kerk

Ons besing die lof van die groot Gawe aan die kerk – Jesus Christus

Ons dien die Here met die gawes wat uit dankbaarheid aan God gegee word

Lied 284: 1—3

Lied 265: 1—2

Lied 168: 1—3

GOD SKEN ONS SY WOORD EN ONS ONTVANG DIT MET BLYDSKAP

Ons bid tot die Gever van alle goeie gawes

Inleiding:

Tema: Die God van goeie gawes

P1 Gawes vir fisiese wesens –

P2 Gawes vir emosionele wesens –

P3 Gawes vir geestelike wesens –

Slot:

'n Groot geskenk wat ons aan mekaar kan gee, is oopregte gebed

GRATIS ONTVANG ONS GAWES VAN GOD EN GRATIS DEEL ONS DIT UIT

Die kerk bedien die gawe van God se lig aan die wêreld

Wat 'n wonderlike geskenk om met God se seën hier weg te gaan

Lied 488:15

Ons BID vir: DEOMKRATIESE REPUBLIEK VAN DIE KONGO (DRK)

Dis die 3-de grootste land in Afrika met sy 72 miljoen inwoners. Dis 'n land met baie mense – en natuurlike potensiaal.

Daar word bykans 200 tale in die eertydse Zaïre gepraat en hierdie verskeidenheid van alles, het dit 'n land van oneindige konflik gemaak. As kolonie is derduisende mense as slawe verkoop en 10 miljoen inwoners vermoor. In die moderne geskiedenis sedert die 90's, het ongeveer 6 miljoen inwoners deur tragedies soos oorlog, honger en siekte omgekom. Die DRK word geteister deur politieke konflik, armoede, TB en HIV-Vigs. Tog wil demokratiese denkers die land weer oprig en heelmaak.

Alhoewel bykans 90% van die inwoners aan Christelike kerke behoort, is daar groot uitdagings rondom stamkonflik, kindermishandeling, verkragting, kannibalisme en towery. Daar is 'n straaljie hoop dat president Kabila na sy jarelange regeertyd gaan uittree, maar die onlangse bevraagtekening van die nuwe bewind, bring weer baie onsekerheid.

- Bid vir ware lig in sout van die kerk in 'n geteisterde land;
- Bid vir politieke stabiliteit dat almal kan help aan die opbou van die land;
- Bid vir elke getraumatiseerde persoon, gesin en familie

KLEINGROEPBEDIENING

BYBELSTUDIES:

Dinsdag: 09:00 Vrouebybelstudie—Marietjie Janse van Rensburg 083 285 2412

09:00 Bybelstudie—Hermine Watson 082 819 9623

18:00 -19:00 Bybelstudie (Blok O)—Fanie Snyman 082 780 8039

Woensdag: 09:00 Vrouebybelstudie—Ds Mauritz 079 895 3916

Donderdag: 09:30 Boek-vir-Boek Bybelstudie—Ds Mauritz 079 895 3916

Vrydag: 08:30 Vrouebybelstudie—Dr Charles 079 895 3911

OMGEEBEDIENINGS:

Maandag: 16:30 Gebedsgeleenthed—Christine du Toit 073 413 7790

19:00 Omgeegroep—Jannie Botha 084 294 8540

Dinsdag: 07:30 Omgeegroep (Manne) Ebben van Zyl 082 829 6170

18:00 Omgeegroep (Blok M) Robbie Robbertze 082 808 0170 (elke 2e week)

18:00 Omgeegroep (Blok D/G) Johannes Beckmann 079 883 9743

18:00 Omgeegroep (Blok C) Christa Mitchell 083 302 0430

18:30 Omgeegroep (Blok B) Johan Lamprecht 083 262 1419

18:30 Omgeegroep (Blok H/I) Ds Mauritz 079 895 3916

19:00 Omgeegroep (Blok J/K) Johann du Toit 082 467 5027

19:00 Omgeegroep (Algemeen) — Dr Charles Mitchell 079 895 3911

19:00 Omgeegroep (Dames) Ina Visser 083 407 1515

19:00 Omgeegroep (Mans) Jacques Olivier 082 807 2523

Woensdag: 14:30 Naaldwerkgroep—Clasina Theunissen 072 759 1732

15:00 Omgeegroep (Blok L)—Piet Heckroodt 082 410 6072

Donderdag: 18:30 Selgroep vir werkende jongmense—Elna de Waal 082 550 9916